

Donderdag 25 November

Skrifgedeelte: Jesaja 60:1-22

Fokusgedeelte: Jesaja 60:1-2

Christus kom en saam met Hom sy heerlikheid wat ons reflekteer

In aansluiting by Jesaja 59:20 waar ons hoor dat Christus as Verlosser vir sy kerk kom, hoor ons dat sy heerlikheid daarmee saam oor ons opgaan. Dit het alles gebeur by Christus se koms na hierdie aarde. Met sy koms het ons sy heerlikheid gesien, *'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid* (Joh. 1:14).

Hierdie heerlikheid is belofte aan die volk wat uit ballingskap teruggekeer het. Vir hulle was alles donker, want om hulle was 'n verwoeste tempel en 'n verlate stad in puin. Uit hierdie hopelose toestand roep die Here sy volk om as't ware uit niks – stof en as – op te staan. Die Messias kom en sy heerlikheid gaan oor sy volk op.

So roep God sy kinders om op te staan uit die duisternis van sonde, om op te staan in sy heerlikheid. Ons kan opstaan, want Christus het met sy koms die duisternis van sonde, dood en hel oorwin. Toe Hy in ons plek gely het, het die duisternis toegesak, maar, dank die Here, met sy opstanding het die lig en heerlikheid van God deurgebreek. Met Christus kom die lig na ons sodat ons deur die werking van die Heilige Gees oorgegaan het uit die duisternis na sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9).

Ons is lig. God het ons lig gemaak. Ons word geroep om in 'n duister wêreld die Here se lig te reflekteer. Ons word geroep om sonder 'n maattemmer ons lig te laat sien.

Uiteindelik kan ons uitsien na Christus se wederkoms waar die Here se beloftes as ewige lig sonder treurigheid vir ons tot volle realisering sal kom. Laat ons opstaan, want ons Lig het gekom.

Sing: Psalm 48-1:4, 5

Dr. JD Mienie (Juan) (Zeerust)